

**BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR
DEUR
DR PHILIP THEUNISSEN**

WANNEER IS BELASTING BETAALBAAR

Die ou geykte gesegde lui dat niks so finaal soos die dood en inkomstebelasting is nie. SARS is ongelukkig nie 'n vrywillige vennoot van 'n boerdery nie en daarom is betalings aan hom nie juis onderhandelbaar nie. As SARS sy betalings nie op die gegewe datum ontvang nie, kan dit tot vervolging, terughouding van verskuldigde belastings of ook addisionele belastings lui.

Sperdatums

Daar is verskeie belastings en elkeen het sy eie sperdatum in gevolge verskeie belastingwette:

BTW	25ste dag van die opvolgende maand
Werknemersbelasting	7de dag van die opvolgende maand
Vaardigheidsontwikkelingsheffing	7de dag van die opvolgende maand
Voorlopige belasting (1ste periode)	6 maande na die aanvang van die belastingjaar
Voorlopige belasting (2de periode)	laaste dag van die belastingjaar
Voorlopige belasting (addisioneel)	7 maande na die laaste dag van die belastingjaar waar die belastingjaar op 28/2 eindig. 6 maande na die laaste dag van die belastingjaar in al die ander gevalle.
Skenkingsbelasting	3 maande na datum van die donasie
Sekondêre belasting op maatskappye	Die laaste dag van die opvolgende maand van die dividendsiklus

Die betaling van inkomstebelasting word nie op 'n algemene vasgestelde datum gedoen nie. Die belastingbetaler word in gevolge sy belastingaanslag in kennis gestel wanneer die belasting betaalbaar is. Hierdie bedrag sal slegs die verskil tussen die aangeslane belasting en die voorlopige belastings wees. Voorlopige belastings word op grond van 'n skatting van die belastingjaar se netto inkomste gedoen terwyl die aanslag op die finale bedrag vasgestel word.

Daar verskyn gewoonlik twee datums van betaling op die aanslag, die vervaldatum en dan 'n tweede datum. Die twee datums is gewoonlik 'n maand uitmekaar gespaseer. In teorie is die vervaldatum gewoonlik die datum waarop die belastingaanslag betaal moet word maar in die praktyk geskied betalings eerder op die tweede datum. Indien betalings binne die tweede datum gedoen word, is geen rente aan SARS verskuldig nie. Daarna sal rente op uitstaande belasting bereken word.

In al die belastingbetalings se geval geld 'n reël dat indien die vervaldatum op 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag val, moet betalings op die laaste besigheids dag voor sulke naweek- of vakansiedae gemaak word.

Implikasies

Laat betalings van belasting gaan gewoonlik met 'n boete gepaard. Hierdie boete beloop 10% van die betaalbare belasting. Die 10% word gehef ongeag hoe lank die belasting uitstaande is en word beslis sonder uitsondering gehef selfs al is die belasting een dag laat ontvang.

Wanneer belasting betaal word moet dit dus so betaal word dat dit op die vervaldatum in SARS se rekening wys. Dit gebeur baie keer dat 'n boer sy belasting elektronies op die vervaldatum oorplaas maar omdat hy nie by dieselfde bank (ENB) as SARS sy besigheid doen nie, wys die betaling na die datum op SARS se rekening. Sonder uitsondering sal SARS in so geval steeds 'n boete op laat belating by die belastingbetaler vorder.

Soos reeds genoem, word rente ook bereken wanneer belasting laat betaal word. In gevalle waar daar 'n goeie rede vir die laat betaling is, is SARS gewoonlik toegeeflik met die afskryf van die boete. Rente word gewoonlik nie teruggeskryf nie.

Direkte vordering by bank

Dit gebeur baie keer dat SARS 'n aanslag uitreik maar dat die belastingbetaler dan nie die aanslag betaal nie. SARS het wetlike magte om belasting wat lank uitstaande is direk van 'n belastingbetaler se bankrekening af te vorder. Dit word met die bankbestuurder se kennisname gedoen. Dit kom daarop neer dat SARS die boer se bank as agent aanstel om die geld te vorder indien daar fondse beskikbaar is. Die bankbestuurder kan die boer eers daarvan in kennis stel nadat die geld reeds gevorder is om te verhoed dat geld uit die rekening getrek word en daar gevolglik nie genoeg fondse vir SARS beskikbaar is nie.

SARS sal alleenlik betalings direk van 'n belastingbetaler se bankrekening vorder as hy geen ander uitweg het nie. Gewoonlik sal so 'n drastiese stap voorafgegaan gewees het deur verskeie aanmanings dat die belasting betaalbaar was.

Indien SARS verkeerd was om die belasting te vorder, moet die belastingbetaler die normale roete van beswaar en appél volg. Indien SARS gefouteer het moet hy die fondse aan die belastingbetaler terug betaal. Slegs in die geval waar die belastingbetaler appél aangeteken het, is SARS verplig om rente te betaal.

Slotsom

Nadat die aanslag vir enige van die belastings uitgereik is, is die belasting binne die voorgeskrewe aantal dae betaalbaar. SARS is beslis nie geneë om oor terugbetalingsvoorwaardes te onderhandel nie en belasting is dus op die vervaldatum betaalbaar.

SARS is ook altyd 'n preferente skuldeiser in 'n insolvente of bestorwe boedel. Dit beteken dat SARS voor enige ander skuldeiser in die ry staan om uitstaande belasting van die boedel te vorder en hy hoef nie met ander skuldeisers in die beskikbare bedrag te deel nie. Belasting is dus betaalbaar, selfs uit 'n boedel uit as dit nie anders kan nie.